No 9 - 2026] Third Session, Seventh Parliament

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 16 APRIL 2026

**HOUSE: 14:15**

**MOTIONS**

1. The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman): That the House resolves to revive the consideration of the Constitution of the Western Cape First Amendment Bill [B 1–2021] from the stage it reached during the Sixth Parliament, and hereby refers the Amendment Bill to the Standing Committee on the Premier and Constitutional Matters for consideration and reporting.
2. The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman): That, notwithstanding the provision of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Ms B M van Minnen: The consequences of the continued understaffing in South African Police Service (SAPS) precincts across the Western Cape, including its impact on crime prevention, community safety and public confidence in law enforcement; the limitations of short-term interventions, such as the South African National Defence Force deployments in addressing systemic policing failures; and the need for urgent and sustained measures to be taken by the national government to address resource allocation, recruitment and capacity in the SAPS.

---

## FURTHER BUSINESS

### NOTICES OF MOTION

1. Ms N D Nkondlo: That the House debates the killing of vendors linked to extortion gangs targeting small traders, highlighting the growing crisis of criminal intimidation, violence and its devastating impact on township economies and livelihoods in the Western Cape.

2. Ms B Stoffel: That the House debates the growing water crisis in the Western Cape.

3. Ms P Z Lekker: That the House debates the widespread service delivery failures in the City of Cape Town, including ongoing sewage overflows, and the deepening hardship experienced in vulnerable communities, which continue to undermine dignity, public health and socio-economic well-being.

4. Ms A P Bans: That the House debates the alarming number of road fatalities in the Western Cape.

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 16 APRIL 2026

**HUIS: 14:15**

**VOORSTELLE**

1. Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman): Dat die Huis besluit om die oorweging van die Eerste Wysigingswetsontwerp op die Grondwet van die Wes-Kaap [W 1–2021] weer in die lewe te roep vanaf die stadium wat dit gedurende die Sesde Parlement bereik het, en hiermee die Wysigingswetsontwerp na die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede verwys vir oorweging en verslagdoening.

2. Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman): Dat, ondanks die bepaling van Reël 20(1), die Onderwerp vir Bespreking voorrang het.

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Me B M van Minnen: Die nagevolge van die voortgesette ontoereikende personeelvoorsiening in die polisiëringsgebiede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) in die Wes-Kaap, insluitende die impak daarvan op misdaadvoorkoming, gemeenskapsveiligheid en openbare vertroue in wetstoepassing; die beperkings van ingrypings oor die kort termyn, soos die ontplooiing van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag om aan sistemiese polisiëringsversuime aandag te skenk; en die behoefte aan dringende en volgehoue maatreëls wat die nasionale regering moet instel om aandag te skenk aan die toewysing van hulpbronne, werwing en kapasiteit in die SAPD.

---

## VERDERE WERKSAAMHEDE

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE**

1. Me N D Nkondlo: Dat die Huis die moord op verkopers wat verband hou met afpersingsbendes wat kleinhandelaars teiken, debatteer, wat die toenemende krisis met misdadige intimidasie, geweld en die rampspoedige impak daarvan op township-ekonomieë en broodwinning in die Wes-Kaap beklemtoon.

2. Me B Stoffel: Dat die Huis die toenemende waterkrisis in die Wes-Kaap debatteer.

3. Me P Z Lekker: Dat die Huis die wydverspreide diensleweringsversuime in die Stad Kaapstad debatteer, insluitende voortgesette riooloorloop, en die groter wordende ontbering wat in weerlose gemeenskappe ervaar word, wat voortgaan om waardigheid, openbare gesondheid en sosio-ekonomiese welstand te ondermyn.

4. Me A P Bans: Dat die Huis die kommerwekkende getal padsterftes in die Wes-Kaap debatteer.